

27 Julie

Huweliksherstel begin daar waar die Gees van God harte oorneem

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:25 – 5:5

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:26, 29

'n Lewe in Christus breek met die verlede waar eiebelang, fyngewoelighede en voorkeure vroeër die belangrikste was. Met 'n gees en gesindheid wat pas by gelowiges moet ons in al ons verhoudinge wys dat die Gees ons denke rig en lei.

Daar was gelowiges in Efese wat nog steeds met hulle ou, heidense styl met mekaar saamgeleef het. Met woede buie het gelowiges mekaar met vloek- en skeltaal afgekraak. Dit het konflikte net vererger en die krag van die Gees kon so nie sigbaar word nie.

Waar ons as gelowiges met die Gees van God verseël is, moet ons Jesus se voorbeeld volg en die duiwel geen vatkans gee om ons verder te mislei en die kerk skade te doen nie. Ons moet ons konflikte met Christus se liefde tot bedaring bring. Ons woede moet gemik wees teen die sondige gesindhede in onself waarmee ons ons naaste afkraak en benadeel. Ons mag nie vir mekaar kwaad word omdat ander van ons verskil, ander beskouinge en voorkeure het nie. Dit pas ons om mekaar met waardigheid en respek te behandel, al verskil ons oor sake.

Dit is die dinge waarvan ons hier lees wat baie huwelike laat verbrokkel. Met leuens, woede en kras taalgebruik verneder ons ons lewensmaat. 'n Man wat sy vrou so behandel, wys dat hy geen respek vir haar het en geen leiding kan gee wat haar ook rustig en gelukkig sal kan maak nie. In so 'n huwelik kan liefde nie gedy nie. Waar twee mense mekaar met hulle woorde afbreek, gaan die teerheid en fyngewoelige erkenning en waardering vir mekaar tot niet. Dit is alleenlik met 'n hartlike en simpatieke gesindheid teenoor mekaar dat man en vrou mekaar kan liefhê en vertrou.

Sing: Skrifberyming 9-4:6

Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)